

30 Oktober 2015


NUUS IN DIE BRANDING 31 / 2015

POSVOORSIENINGS VIR SKOLE VIR 2016 POST ESTABLISHMENTS FOR SCHOOLS FOR 2016

Op 26 Oktober 2015 het die LUR van Onderwys in Limpopo die voorgestelde posvoorsiening vir 2016 aan die verskillende vakbonde voorgelê. Alhoewel dit geensins vir enige van die vakbonde goeie nuus was nie, lyk die prentjie bietjie minder donker as verwag. Op Dinsdag 3 November is daar 'n spesiale RAVO vergadering gereël waar die LUR die amptelike posvoorsiening gaan voorlê. Die Departement het onderneem om direk na die vergadering op 3 November te begin met die laai daarvan, sodat skole hulle individuele posvoorsienings kan kry teen die middel van November 2015. Daarna sal daar wel 'n periode van ±2 weke wees waarin die bestuur van elke skool dit kan nagaan en indien daar foute voorkom, dit kan aanmeld.

On 26 October 2015, the MEC of Education in Limpopo called all unions for a meeting regarding the proposed Post Provisioning for 2016. Although the news was by no means good, the picture is less dark than was expected. On Tuesday 3 November a Special Chamber meeting will be held in the ELRC where the MEC will table the official Post Establishment for 2016. The Department will then upload the data in order to provide each individual school with theirs by the middle of November 2015. A period of ±2 weeks thereafter will be used to allow each school to peruse the content of their post provisioning and report any faults that may have occurred.

Posvoorsiening
Post Establishment



WERKSESSIE VIR HOOFDE RAKENDE POSVOORSIENINGSKALE WORK SESSION FOR PRINCIPALS REGARDING POST ESTABLISHMENTS

Tydens die pas afgelope PUR vergadering is daar besluit dat daar 'n geleentheid geskep gaan word vir hoofde van skole om bymekaar te kom sodra elke skool hulle posvoorsiening vir 2016 ontvang het. Die idee hieragter is dat indien daar onduidelikheid of

During the recent PEC meeting it was decided that an opportunity will be created for principals of schools to come together as soon as the Post Establishment for 2016 was made available to them. The idea is that principals, who seek clarification or assistance on the

ongemaklikheid sou bestaan by enige hoof oor die interpretasie of implementering van die posvoorsiening, daar tydens hierdie vergadering onderlinge raad en wenke uitgeruil kan word. Dit sal in die namiddag wees vir ±2 ure. Hierdie geleentheid sal plaasvind by Pietersburg Hoërskool op 'n datum wat bepaal sal word sodra die posvoorsieningskale beskikbaar is. Dit sal in 'n Nuus-in-die-Branding versprei word. Hoofde wat die geleentheid bywoon, se brandstofuitgawes sal deur SAOU (Limpopo) gedek word.

implementation or interpretation thereof, will be assisted with advice and tips from others. It will be an afternoon session, ±2 hours and will be held at Pietersburg Hs. The date and time will be communicated to principals via a Nuus-in-die-Branding at a later stage. The SAOU (Limpopo) will cover the petrol claims of those principals who wish to attend this opportunity.



ADVERTERING VAN DEPARTEMENTELE, VAKANTE POSTE IN LIMPOPO
ADVERTISING OF VACANT, DEPARTMENTAL POSTS IN LIMPOPO

Nieteenstaande die feit dat alle skole in die provinsie reeds deur die loop van die vorige twee termyne gevra is om die vakante poste, beide posvlak 1 en bevorderingsposte wat by skole bestaan, deur te gee aan die departement vir advertering, het daar tot dusver nog niks van gekom nie. Amptenare is huiwerig om direkte vrae daarvoor te beantwoord. Die vermoede bestaan dat die nuwe posvoorsiening heel moontlik die appelkar gaan omgooi. Die SAOU (Limpopo) sal so gou as wat daar klaarheid verkry word, oor hierdie aspek, die lede inlig.

Despite the fact that all schools in the province have been requested to provide the department with the profiles of all vacant posts that may still exist, post level 1 and promotion posts, nothing has been advertised yet. Officials are reluctant to give comment when confronted with direct questions relating to this. It is suspected that the new post establishment may be the reason thereof. The SAOU (Limpopo) will inform all members regarding the progress of this issue as soon as there is clarity.



DAGBOEKE EN TAFELKALENDERS VIR 2016
DIARIES AND DESK CALENDERS FOR 2016

Die dagboeke en tafelkalenders vir 2016 is gedruk en afgelewer by hoofkantoor. Die SAOU (Limpopo) is in die proses om dit in die provinsie te versprei. Dit sal nie hierdie jaar deur Dean's versprei word nie. Sodra ons alles by die verspreidingspunte afgelewer het, sal ons 'n nuusbrieff uitstuur sodat alle lede wat nog nie hulle keuse ontvang het nie, ons daarvan kan verwittig.

Groot dank en waardering aan SAOU (Limpopo) se voltydse vakbond verteenwoordiger, Mnr Antoon Coetzee, wat die verspreiding van al die items na die verskillende optelpunte hanteer. Die provinsiale administratiewe beampte, mev Ohnie Ferreira, verdien ook 'n groot applous vir die voorbereiding van lyste van elke skool met SAOU lede.

The diaries and desk calendars for 2016 have been delivered to Head Office. The SAOU (Limpopo) is in the process to distribute it to all members in the province. Dean's will not be responsible for the distribution thereof this year. As soon as everything has been delivered to pick-up points, we will send out a newsletter to allow members who have not yet received their item of choice, to alert us thereof.

A big Thank You to SAOU (Limpopo's) shop steward, Mr Antoon Coetzee, who is doing the delivery of these items to the pick-up points. The provincial admin official, Mrs Ohnie Ferreira, also deserves a huge applause for taking care of the lists of each school with SAOU members.



JNA's: WAT NOU?
ANA's: WHAT NOW?

Die SAOU het vanaf die Nasionale kantoor 'n nuusbrieff uitgestuur rakende die huidige stand van sake. Sien Nasionale Nuusbrieff 51/2015 op die webwerf. Lede sal breedvoerig ingelig word oor aksieplanne sodra die mediasie tydperk verstryk het.

The SAOU has issued a newsletter from the National Office regarding the current state of affairs. See National Newsletter 51/2015 on the website. Members will be informed extensively as to the way forward as soon as the mediation period has been depleted.

